

God se effektiewe verlossingsplan (OP100)

Heb 10:1-18

11 September 2022

Sedert Heb 8 het ons in besonder stilgestaan by die Hoëpriesterlike werk van die Here Jesus. In Heb 8:1-13 het ons besin oor die feit dat Hy die Middelaar is van die beter verbond wat op uitnemender beloftes gegrond is, in Heb 9:1-14 het ons besin oor Sy werk as die ware Hoëpriester van die ware tabernakel wat so effektief is dat dit wel toegang bewerk vir gelowiges tot die Allerheiligste van die ware tabernakel. Laasweek het ons in Heb 9:15-28 geleer van die volmaaktheid van Sy eenmalige offer. Hy het reeds in die verlede as die Testamentmaker van die nuwe verbond gesterf en deur Sy bloed die ware tabernakel gereinig, in die hede is Hy in die hemel waar Hy ter wille van gelowiges voor God verskyn, en in die toekoms het ons die verwagting dat Hy 'n tweede maal sal kom, en dan nie weer om sonde te hanteer nie, maar om die volheid van verlossing te bring vir al die gelowiges.

Vandag wil ek stilstaan by Heb 10:1-18. Met hierdie gedeelte bereik ons die einde van die formele leerstellige gedeelte van die Hebreërboek. In die res van die boek hanteer die Heilige Gees die implikasies van al hierdie leerstellige waarhede vir gelowiges se lewens. Dit is ook so dat baie van wat gesê word in Heb 10:1-18 alreeds vantevore gesê is – daar is dus nie soveel nuwe lering wat in hierdie gedeelte plaasvind nie, dit is eerder 'n samevatting van die effektiewe verlossing wat God bewerk vir gelowiges. Ek gaan eenvoudig deur die gedeelte werk van begin tot einde, en waar nodig, sal ek enkele addisionele opmerkings maak.

Vers 1: Lees vers 1. Ons lees hier van die wet van Moses. Uit die inhoud van voorafgaande gedeeltes, asook uit die inhoud van wat hierna volg, is dit duidelik dat ons onder die wet van Moses die Sinaiverbond, oftewel die ou verbond wat deur God met Moses en die volk gesluit is, moet verstaan. Vers 1 voeg by die wet van Moses was net 'n skadubeeld van die weldade wat sou kom, dit was nie die weldade self nie. Nou, ons het al dikwels in die afgelope weke hierna verwys. 'n Skadu lyk soos die voorwerp wat die skadu gooi. Maar, die skadu op sy eie is sonder inhoud. Die skadu bestaan slegs as die voorwerp wat die skadu veroorsaak, teenwoordig is. As die voorwerp verdwyn, verdwyn die skadu ook. Die implikasie is dat die ou verbond, die Sinaiverbond, net betekenis het as dit gesien word in vergelyking met die nuwe verbond. As die nuwe verbond sou verdwyn, sou die Sinaiverbond ook verdwyn, dit sou dan betekenisloos gewees het. Die res van die gedeelte gaan dit onderstreep, en ook uitwys die Sinaiverbond is intussen opgehef. Dit maak die Joodse geloof so tragies – Joodse gelowiges hou vas aan die skadu, en ignoreer die ware inhoud in die nuwe verbond. Dit is die punt wat die skrywer aan sy lesers wil maak: Sien tog die beperkings van die Sinaiverbond raak, en sien tog die vervulling in die nuwe verbond raak!

Die tweede gedeelte van vers 1 begin om die beginsel verder te verduidelik. Hier word verwys na offers wat voortdurend, jaar na jaar, gebring is. Dit verwys natuurlik in besonder na die offers op die jaarlikse groot versoendag. Ons lees hierdie offers kon nooit volkome van sonde vrymaak nie, of soos die OAV dit stel: dit kon nooit tot volmaaktheid lei nie.

Vers 2: Vers 2 maak duidelik hoekom ons oortuig kan wees hierdie offers kon nie tot volmaaktheid lei nie. Die rede is die volgende: As dit werklik tot volmaaktheid kon lei, dan sou die volk opgehou het om die offers te bring – dit maak tog net logiese sin. Maar nou hou hulle aan, jaar na jaar, om die offers te bring – en dus moet die gevolgtrekking wees die offers is oneffektief. Die vers voeg by dat die offers op twee maniere oneffektief was: (1) dit reinig nie werklik nie, en (2) dit maak nie die bewussyn skoon van sonde nie, in Heb 9:9 is dit soos volg beskrywe: dit gee nie 'n volkome skoon

gewete nie. Nie net reinig die ou verbond offers nie die sondeskuld van die volk nie, dit verander ook nie die skuldgevoel in die harte van die volk vir wie die offers gebring word nie.

Vers 3-4: Dit laat die vraag ontstaan: Wat was dan die doel met die offerdiens? Lees verse 3-4. Vers 3 sê die doel met die offerdiens was om te herinner aan sondes. Elke jaar as die groot versoendag aanbreek, moet daar opnuut weer 'n bul en 'n bok geslag word en moet daar opnuut weer versoening gedoen word deur die hoëpriester. Jy kan net nie vergeet van die sonde nie. As jy dit dalk sou vergeet, herinner die offers op die groot versoendag jou opnuut daaraan. En dan praat ons nie eers van die daaglikse offers nie. Die doel was: Moenie vergeet van jou sondes nie. Moenie vergeet van die sondeskuld wat jy het a.g.v. die sondes wat jy al gepleeg het nie. Moenie vergeet dat daar 'n skuldgevoel in jou hart is nie. Maar dit gaan verder: Nie net herinner die voortdurende offers jou aan jou sondeskuld van jou dade in die verlede nie, die feit dat die groot versoendag elke jaar weer kom, herinner jou daaraan dat daar na elke jaar nuwe sondes is wat jy in die afgelope jaar gepleeg het. Dit is om van moedeloos te word. Vers 4 voeg by dat die rede waarom die offers gereeld, jaar na jaar, gebring moes word, was om jou ook daaraan te herinner dat die bloed van bulle en bokke onmoontlik die sondes kan wegneem. Die feit van die saak is dat God van die begin af duidelik gemaak het dat die gevolg van sonde die dood is. Maar die dood van 'n dier kan nie versoening doen vir die sondes van 'n mens nie. Nee, 'n mens sal moet sterf. En daarom, al is daar op die groot versoendag offers gebring, het dit nie die sondeskuld effektief opgehef nie, en dit het geen voorkomende effek gehad om by te dra daartoe dat die volk in die komende jaar nie weer sou sondig nie.

Die punt wat ons dus moet raaksien, is dat die herhaalde offers, juis die volk daaraan moes herinner hoe ernstig hulle sondeskuld en hulle sondesmet is, dit moes hulle ook daaraan herinner dat hierdie herhaalde offers nie hierdie sondeskuld en sondesmet probleem effektief aanspreek nie, en dit moes hulle ook by implikasie herinner aan die feit dat God alreeds aan Adam en Eva beloof het dat daar een uit die nageslag van Eva sou kom wat wel die probleem van sonde effektief sou aanspreek deurdat Hy die kop van die slang, wat die oorsprong van sonde is, sal vermorsel. Die herhaling van die offers moes hulle daaraan herinner dat hulle Hom moet verwag wat hulle probleem wel effektief sou aanspreek.

Paulus spreek ook hierdie saak aan. Lees saam met my Gal 3:17-25. In vers 17 maak Paulus die stelling dat die verbond met Abraham reeds deur God gesluit is 430 jaar voor die Sinaiverbond, waar die wette van God aan die volk gegee is. Sy punt is: wat ook al die impak is van die Sinaiverbond en die wette wat God daar gegee het – dit kan nie die inhoud van die Abrahamverbond verander of ongeldig maak nie. Dink nou aan die inhoud van die Abrahamverbond. Dit was vol beloftes: God sal aan Abraham 'n groot nageslag gee, hulle sal in die beloofde land bly, en God sal hulle God wees. Weens hierdie ryk beloftes aan Abraham, word die Abrahamverbond dikwels die verbond van die belofte genoem. Maar let ook op: dit is God wat beloof. Hy beloof aan Abraham dat dit alles sal realiseer. En dan lees ons in Gen 15:6 dat Abraham in die Here geglo het, en die Here het dit vir Abraham tot geregtigheid gereken. Sien jy dit? God beloof, Abraham glo die beloftes – en die gevolg is dat Abraham regverdig verklaar word en die beloftes van die Here realiseer. Abraham het dus verkry wat die Here beloof het deurdat Hy geglo het! Lees nou weer vers 18 in Gal 3. Die punt is dit: Alhoewel dit so is dat met die instel van die Sinaiverbond die Here Sy wette vir die volk gegee het, was dit nooit die doel dat die volk die wette moes nakom om sodoende deel te kry aan die vervulling van die beloftes van die Here wat Hy aan Abraham gegee het nie. Dit kan nie wees nie – want dan sou die Abrahamverbond nie meer geldig wees nie – want Abraham het ontvang wat beloof is deur te glo, en nie deur die wet te onderhou nie. Dit kon nie wees hoe die beloftes vir Abraham gerealiseer het nie, want die wette het eers 430 jaar later gekom. Die doel van die Sinaiverbond was

nooit, nooit, nooit om deur wetsonderhouding deel te kry aan God se beloftes nie. Nee, selfs in die ou verbond is mense gered deur geloof – geloof dat God sy beloftes sal vervul. Daar is dikwels die siening dat mense in die Ou Testament gered is deur wetsonderhouding. Dit is vals. Dit is verkeerd. Dit trek 'n streep deur die Abrahamverbond – terwyl God baie duidelik gesê het die Abrahamverbond is 'n ewige verbond, en Galasiërs leer ons baie duidelik die Sinaiverbond het niks aan die Abrahamverbond verander nie.

Dit laat dan weer die vraag ontstaan: Wat was dan die doel van die wette wat God met die Sinaiverbond gegee het? En dit is presies die vraag wat Gal 3:19 vra. En die antwoord is dat dit later bygevoeg is a.g.v. die sonde, en dit is bedoel vir die tyd totdat die Nakomeling op wie die belofte betrekking het, sou kom. Ons weet, die Nakomeling verwys na Jesus. Die wette wat daar by Sinai gegee is, is dus bloot bedoel vir die tyd totdat die Middelaar van die beter verbond sou kom, dus totdat Christus sou kom. Vers 21 onderstreep weereens die doel met die wet was nie om deur onderhouding daarvan die ware lewe te skenk nie. En die punt is: die wet kan dit nie doen nie! Dit is presies wat ons ook al in Hebreërs gesien het: die besit van die wet is nie effektief om die wet onderhou nie. Maar wat was dan wel die doel met die wet? Lees verse Gal 3:23-24 (OAV). Die wette moes die Ou Testamentiese gelowiges in bewaring hou, met die oog op die geloof wat sou kom. Die wette was die tugmeester wat die volk in bewaring moes hou en hulle voortdurend moes rig om vooruit te kyk na die koms van die ware Verlosser, wat wel effektiewe versoening kon doen vir hulle sondes. Die wet moes hulle voortdurend herinner hulle het sonde, en hulle kan net deur die werk van die ware Verlosser daarvan verlos word.

Kan ek opsom: die herhaalde offers, daaglik, jaarlik, moes die volk herinner aan hulle sondes – wat natuurlik 'n oortreding van God se wet was. Die feit dat die offers herhaaldelik gebring moes word, moes vir die volk uitlig dat hierdie offers nie werklik versoening bewerk nie, en dit help hulle ook nie om deel te kry aan God se beloftes nie. Dit was soos 'n tugmeester wat hulle elke keer moes herinner: Julle het 'n beter Offer nodig. Julle moet julle vertrou, julle geloof in Hom stel. Hy kan julle wel verlos. Die doel met die wette wat die Here by Sinai gegee het was dus juis om die volk te leer dat hulle nie deur wetsonderhouding gered kan word nie, maar net deur geloof in die komende beter Offer.

Verse 5-7: Lees verse 5-7. Hierdie is 'n aanhaling van Ps 40:7-9. Ps 40 is 'n psalm wat deur Dawid geskryf is. Wat die Hebreërskrywer o.l.v. die Heilige Gees egter doen, is om die woorde van Dawid in Jesus se mond te lê wat dit aan sy Vader rig. Daar is egter 'n verskil tussen die bewoording van Ps 40 en dit wat hier in Heb 10 aangehaal word. In Heb 10:5 lees ons: “maar die liggaam wat U My gegee het”, terwyl Ps 40:7 sê: “ore het U vir My gegrawe”. Die rede hoekom Hebreërs verwys na die liggaam wat die Here Jesus ontvang het, is omdat dit is hoe die Septuagint, die Griekse vertaling van die Ou Testament, dit vertaal het. Daar is heelwat geskryf oor hoekom die Septuagint dit so vertaal het. Daar word geredeneer dat die betekenis van die oorspronklike Hebreëus “U het vir My ore gegrawe” beteken dat God gehoorsaamheid verwag het. Immers, gehoorsaamheid kom tog deurdat die Here ore gegrawe het wat werklik kan hoor (lees maar weer die NAV van Ps 40:7). Wanneer was dit wat Christus begin het om as mens gehoorsaam te wees? Dit was tog toe Hy mens geword het, dit was toe Hy 'n liggaam, 'n menslike liggaam, ontvang het. Die Hebreëuse teks verwys dus na oop ore wat lei tot gehoorsaamheid, terwyl Hebreërs verwys na Jesus se menswording toe Hy as mens begin het om aan God gehoorsaam te wees.

Maar kom ons probeer nou die redenasie van die Hebreërskrywer verstaan: In vers 1-4 het ons nou gesien die volk het sonde a.g.v. hulle oortreding van God se wette. En alhoewel hulle herhaaldelik offers bring, is dit nie effektief om die sondeskuld aan te spreek nie, en ook nie om verdere oortredings te voorkom nie. En nou kom verse 5-7 en Christus kondig aan: God het nie behae in

diereoffers, graanoffers, brandoffers en sondeoffers nie. Wel, dit klop met wat ons in verse 1-4 gesien het. Maar, sê Jesus, Hy het van God 'n liggaam ontvang wat God vir Hom voorberei het (vers 5, OAV), en Hy kom, met hierdie liggaam, om God se wil te doen – soos wat oor Hom in die boekrol geskryf is.

Kom ons dink net eers oor wat die boekrol is waarna verwys word. Wel, in die eerste plek is dit sekerlik die Ou Testament. Heb 1 het ons tog geleer dat God in die verlede baie keer en op baie manier gepraat het deur die profete, en hulle boodskap was tog oor die koms van die Seun. Die Ou Testament is tog vol verwysings na die Verlosser wat sou kom. Maar ons kan nog meer hierin sien: Onthou Op 5 – daardie troonvisioen in die hemel wat Johannes gesien het, waar God op die troon sit met 'n boekrol in Sy hand. Aanvanklik huil Johannes oor daar niemand is wat waardig is om die boekrol te vat en oop te maak nie – tot daar vir Hom gesê word dat die Lam wel waardig is om dit oop te maak. Waarna verwys daardie boekrol in God se hand? Na God se raadsplan. Later in Op 10 lees ons van die klein boekie wat Johannes moes eet – daardie klein boekie verwys weer na God se openbaring aan die mensdom, m.a.w. die Woord, die Bybel. Die boekie se inhoud verskil nie van die boekrol nie, maar dit bevat nie alles wat in die boekrol staan nie. God se raadsplan bevat al die detail wat deur die loop van al die eeue gebeur, terwyl die Bybel slegs 'n gedeelte daarvan bevat – die deel wat God in Sy wysheid besluit het om aan ons bekend te maak. As ons nou hier lees dat Christus sê Hy het gekom soos wat in die boekrol geskryf is, dan kan ons verstaan dat Sy koms in beide die Bybel en ook in God se raadsplan opgeskryf is. Die belangrike punt wat ons moet raaksien is dat die koms van Christus met 'n liggaam, dus as mens, is 'n saak wat deel is van God se raadsplan, en daarom is dit ook in die Bybel opgeskryf, en daarom is ook in die Ou Testament alreeds verwag en vooruit afgeskadu. Dit was deel van God se raadsplan van die begin af.

Hoekom word daar soveel klem geplaas op die feit dat Hy kom met die liggaam wat God vir Hom berei het? Want toe Hy hierdie liggaam ontvang het, het Hy mens geword. En omdat Hy mens geword het, kon Hy Hoëpriester word (soos wat ons al vantevore uit Hebreërs geleer het) en kon Hy 'n effektiewe offer bring vir die sondes van mense – iets wat die diereoffers nie kon vermag nie.

Verse 8-10: Lees verse 8-10. Die oneffektiewe diereoffers, alhoewel dit deur God voorgeskryf was, het net 'n tydelike nut gehad om mense te herinner aan die koms van Christus. Met Sy koms het hulle nut verval, en is dit afgeskaf, en is dit vervang met die beter offer van die Seun wat Sy liggaam geoffer het as eenmalige effektiewe offer. Vers 10 sê letterlik: Deur hierdie wil (dus: deur God se wil) is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal.

Verse 11-14: Lees verse 11-14. In hierdie verse vind ons weereens 'n vergelyking tussen die Ou Testamentiese priesters en Jesus Christus. Hier is vier punte van vergelyking:

- Vers 11 verwys na “elke priester”, wat tog impliseer daar was baie sulke priesters. Daarteenoor sê vers 12 “Jesus Christus” – dus net Een Persoon.
- Vers 11 sê elke priester staan “elke dag” sy diens en verrig, en hulle bring “elke keer weer dieselfde offers”. Daarteenoor sê vers 12 Jesus Christus het “een offer” gebring.
- Vers 11 sê elke priester “staan dag vir dag” om sy diens te verrig – daar was dus geen rus vir die priesters nie sodat hulle kon gaan sit nie, want hulle werk was nooit afgehandel nie. Daarteenoor, sê vers 12 Jesus Christus “het vir altyd aan die regterhand van God gaan sit”. Jesus se eenmalige offer is afgehandel, en daarom kan Hy gaan sit.
- Vers 11 sê die offers wat die priesters gebring het, “kon nooit die sondes wegneem nie”. Daarteenoor, sê vers 12 Jesus Christus het “een offer vir die sondes gebring”. Vers 14 voeg by hierdie offer maak die wat geheilig word “vir altyd volkome van sonde vry”.

Die Ou Testamentiese priesters was dus bloot skadu's wat na Jesus Christus gewys het.

Vers 13 voeg by dat Christus nou, terwyl Hy aan die regterhand van God sit, wag. Hy wag totdat Sy vyande aan Hom onderwerp is. Onthou, laasweek het ons in Heb 9:24 gesien Hy is in die hemel om daar ter wille van die gelowiges voor God te verskyn. Hier word verwys na 'n ander aspek van die tyd wat Hy in die hemel is: Hy wag totdat al Sy vyande aan Hom onderwerp is. Die feit dat Hy "wag" beteken nie dat Hy ledig is of onbetrokke is nie. Ons het tog gesien Hy verskyn namens gelowiges voor God. En ons het ook al in Heb 1:3 geleer dat Hy alles seur Sy magswoord in stand hou – ook gedurende hierdie periode wat Hy wag. As ons lees Hy "wag", dan is daar 'n element van sekerheid en gerustheid in. Die stryd teen al Sy vyande, die duiwel en sy trawante, is reeds gewen. Hulle is reeds oorwin. Hy het reeds die oorwinning behaal. Hy wag nou tot hulle finaal vernietig is en Hy hulle finaal in die poel van vuur sal gooi. Hoekom wag Hy? Hy wag totdat almal wat deel is van die ware nageslag van Abraham ingekom het. En dan sal Hy die tweede keer kom, om verlossing te bring, om die volheid van die verlossing vir die nageslag van Abraham te bring – soos ons in Heb 9:28 gesien het.

Vers 14 maak die volgende slotsom: Deur Sy eenmalige offer het Jesus Christus die wat geheilig word (dus die gelowiges wat in heiligheid voor God sal eindig), vir altyd volkome van sonde vrygemaak. Dit is hoe die NAV dit vertaal. Letterlik staan daar: Deur Sy eenmalige offer het Hy die wat geheilig word, vir altyd perfek gemaak.

Verse 15-18: Lees verse 15-18. Vers 15 begin deur te sê die Heilige Gees betuig dit ook aan ons. Wat is die dit waarna verwys word? Dit is die slotsom waartoe vers 14 gekom het: Deur Sy een offer het Jesus Christus die wat vir God geheilig word, vir altyd perfek gemaak. Die Heilige Gees getuig dus aan ons dat Jesus Christus deur Sy eenmalige offer die wat geheilig word, vir altyd perfek gemaak het.

Die vraag is nou: Waar het die Heilige Gees dit getuig? En die antwoord word vir ons in verse 16 en 17 gegee. Verse 16 en 17 is weereens 'n aanhaling van Jer 31:33-34. Dit is dieselfde aanhaling wat in Heb 8:8-12 gebruik is en dit is die aankondiging van die nuwe verbond wat die Here destyds deur Jeremia gemaak het. Let op: Hier word spesifiek gesê die Heilige Gees het dit getuig. Ja, dit was Jeremia wat as mens getuig het – maar hy het dit getuig onder leiding van die Heilige Gees. Sien jy die Drie-Eenheid aan die werk? God het 'n raadsplan – dis in die boekrol opgeskryf. 'n Deel van die boekrol word aan die mensdom bekend gemaak in die klein boekie, oftewel die Bybel – deur die Heilige Gees wat dit aan die Bybelse skrywers bekend maak. Die essensie van die inhoud van dit wat die Gees bekend maak, is dat Jesus Christus gekom het om die wat geheilig word, vir altyd perfek te maak. Al drie Persone in die Drie-Eenheid werk saam in perfekte harmonie.

As jy sou teruggaan na Heb 8:8-12 en na Jeremia se profesie in Jer 31, sal jy sien daar is 4 beloftes in die nuwe verbond: God se wet sal in die verstande en op die harte van mense geskryf word, hulle sal God ken, God sal hulle God wees, en God sal hulle sondes vergewe. Hier in Heb 10:16-17 haal die skrywer egter net twee van hierdie beloftes aan: dat God Sy wet in hulle verstande en op hulle harte sal skryf (vers 16), en dat God hulle sondes sal vergewe en nooit meer daaraan sal dink nie (vers 17). Hoekom word juis hierdie twee beloftes hier aangehaal? Want hulle spreek die essensie aan van die tekortkoming van die Sinaiverbond, wat nou suksesvol hanteer word in die nuwe verbond:

- Die diereoffers van die Sinaiverbond kon onmoontlik die sondes van die volk wegneem. Maar die offer van Jesus Christus kan dit wel doen. Sy eenmalige perfekte offer van Sy liggaam wat God vir Hom voorberei het, kan dit wel bewerk. Die sondeskuld van diegene wat deel is van die nuwe verbond is dus effektief aangespreek deur die Seun se eenmalige offer van Sy liggaam.

- Die Sinaiverbond kon net nooit daarin slaag om die volk te verhoed om verder te sondig nie. Gevolglik moes hulle herhaaldelik weer offers bring. Maar in die nuwe verbond word die wette in die verstand en op die hart van elkeen geskryf wat deel is van die nuwe verbond. Die wet van die Here is dus deel van hoe hulle dink en wat hulle begeer om te doen. Dit is deel van hulle wese. Ons weet dit is die Heilige Gees wat dit in ons werk – en daarom het Jesus na Sy hemelvaart die Heilige Gees gestuur.

Sien jy die punt? Die beloftes van die nuwe verbond word vervul deur die werk van die Middelaar van die nuwe verbond. Die gevolg hiervan is dat die wat deel is van die nuwe verbond, geheilig word en vir altyd volmaak gemaak word!

Vers 18 sluit af deur te sê omdat hierdie offer van Jesus so volmaak is, is daar werklik effektiewe vergifnis vir sondes, en gevolglik is geen verdere offers meer nodig nie.

Dit bring ons aan die einde van die leerstellige gedeelte van die Hebreërboek.

Toepassing:

Ek wil graag die volgende toepassing maak uit die gedeelte wat ons vandag oordink het:

Ons het geleer dat die doel van die wette van die Sinaiverbond wat die wette bevat het vir al die offers wat die volk moes bring, was om die volk te herinner (Heb 8:3-4). Dit moes die volk herinner aan hulle sondeskuld a.g.v. die sondes wat hulle alreeds begaan het. Die feit dat hulle herhaaldelik offers moes bring, moes ook die volk herinner aan die feit dat hulle steeds weer sondig, want hulle is sondaars. Verder moes dit ook die volk herinner daaraan dat die offers wat hulle bring nie effektief was om nog hulle sondeskuld nog hulle sondesmet aan te spreek nie. Al hierdie beperkings moes hulle herinner om in die geloof vooruit te kyk na die Een wat sou kom. Hy moet 'n mens wees, wat ook die Middelaar van die nuwe verbond sal wees deur Wie se eenmalige effektiewe offer hulle sondeskuld en sondesmet wel effektief aangespreek sou word.

Maar nou: Intussen is die Sinaiverbond opgehef en die bepalinge daarvan is afgeskaf. Die gevolg is ons bring nie meer diereoffers soos die volk nie – natuurlik nie, want die vervulling van die skadu het intussen gerealiseer. Maar daar is 'n leemte wat ontstaan het in die proses: daardie rol van die rituele van die Sinaiverbond om te herinner, het dus ook verdwyn.

Maar weereens het God deur Sy Seun hierdie leemte aangespreek. Op die aand voor die Seun die volmaakte offer gebring het wat die einde van die Sinaiverbond tot gevolg gehad het, het Hy die nagmaal ingestel. In 1 Kor 11:23-25 lees ons dat Hy met die instelling van die nagmaal spesifiek gesê het dat Sy bloed wat vergiet word, die nuwe verbond beseël – die nuwe verbond is dus na Sy dood in volle werking. En dan sê Hy vir Sy dissipels hulle moet van die brood eet en van die beker drink tot Sy gedagtenis, d.w.s as herinnering aan Hom. As herinnering aan Sy eenmalige en effektiewe offer. As herinnering dat hulle sondeskuld wel effektief aangespreek is. Geen verder offers is meer nodig nie. Hulle hoef net herinner te word aan Sy offer. Ja, hulle moet hulleself nog ondersoek voordat hulle dit gebruik – om hulleself te herinner dat hulle wel sonde het en daarom die noodsaak het aan Sy offer. Maar hulle mag ook herinner word dat hulle toegang het tot Sy volmaakte offer, en selfs ook dat hulle eventueel perfek sal wees, en dan boonop toegang sal hê tot die Allerheiligste van die ware tabernakel. Wat 'n voorreg is dit om eerder aan die nagmaal te mag deelneem om daardeur herinner te word aan die werk van die Seun wat alreeds so ver gevorder het, eerder as om aan die jaarlikse groot versoendag deel te neem om daardeur herinner te word aan die werk wat die Seun nog moet kom doen.

Mag die Here ons help dat ons met groot erns sal deelneem aan hierdie genademiddel om ons keer op keer weer te herinner aan die eenmalige en volmaakte offer van Sy Seun, die Middelaar van die nuwe verbond.